**20 November**

**Kennis van God se Woord hou ons staande**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:10-17 (NAV)**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:15-17**

In vers 1-9 skryf Paulus dat daar in die laaste dae swaar tye gaan kom. Hy noem ’n hele paar voorbeelde van hoe dit in dié tyd gaan lyk. In vers 10-17 gee Paulus die laaste opdragte aan Timoteus. Hieronder is ook die vereiste om in die laaste dae staande te bly, naamlik om die hele Woord van God te bestudeer en te ken. Die rede is dat die hele Skrif deur God geïnspireer is en daarom het dit groot waarde om 1) in die waarheid te onderrig, 2) dwaling te bestry, 3) verkeerdhede reg te stel en 4) ’n regte lewenswyse te kweek. Omdat Timoteus al ’n tweedegeslag-Christen was, het Paulus geweet dat hy die Skrif ken en weet hoe om dit te gebruik. Paulus het die volste vertroue gehad dat Timoteus deur die Skrif teen al die aanslae tydens sy bediening staande sal bly.

Ons leef nou ook in hierdie laaste dae wat gekenmerk word deur seksuele losbandigheid, aborsie, homoseksualiteit, menseregte, dwaalleer waarin Christus nie erken word as die Seun van God nie, dae wanneer Christelike onderwys uit die skole weggeneem word, en ons vra ons af: “Hoe gaan ons teen al hierdie aanslae tydens ons lewens staande bly?” Die antwoord is alleenlik deur die kennis van die Skrif, veral soos dit vir ons geopenbaar word in Jesus Christus.

Dit is belangrik dat ons ons elke dag meer en meer sal toerus met die Woord van God. Alleenlik dan sal ons weet wat die waarheid is en nie ’n slagoffer word van die verkeerdhede van die laaste dae nie.

*Sing: Psalm 25:2, 5* *Ds. AN du Plessis (Postmasburg)*